D.J. (DIKO) VAN ZYL
*KWV 75 JAAR*
Paarl: KWV
1993
293 pp.
ISBN 0-620-17864-7

Die Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt (in die wandel bekend as die KWV) het in 1993 sy driekwarteeufees in die Paarl gevier. Met die oog op dié gebeurtenis het prof. Diko van Zyl van die Universiteit van Stellenbosch op uitnodiging 'n geskiedenis van die Vereniging geskryf, waarvan 'n beperkte aantal kopieë in vlakdrukvorm vir die doeleindes van die KWV self geproduseer is. Die volledige studie is deur J.A. Schaafsma in 'n verkorte weergawe verwerk, wat ook in 1993 op 'n keurige, geïllustreerde wyse by Human & Rousseau gepubliseer is. Die korter weergawe is grootliks 'n weerspieëling van die oorspronklike studie, volg dieselfde indhoudsindeling en bevat die volledige lys van bronne wat geraadpleeg is. Vir die ernstige student is dit egter belangrik om na die volledige publikasie terug te gaan en dit sou jammer wees as eksemplare daarvan nie in die belangrike biblioteke beskikbaar gemaak word nie.

Die verhaal van 'n groot onderneming soos die KWV oor die lang tydperk van 75 jaar hou uit die aard van die saak deurlopend verband met politieke, maatskaplike en ander ekonomiese ontwikkelinge en die skrywer het binne die beperkinge van sy taak suksesvol hiermee rekening gehou. So skets hy agtereenvolgens die krisis van oorproduksie, gebrek aan kwaliteit en 'n chaotiese bemarkingsituasie wat tot die stigting van die KWV aanleiding gegee het; wetgewing wat die situasie gekonsolideer het; die moeilike Depressiejare; die verlening van 'n groter mate van beheer aan die Vereniging en die voorspoed en stabilisasie wat in die veertiger- en vyftigerjare gevolg het; die vryer verspreiding van drank, die rewolusie in die wynmaaktegnologie en die gevolglike uitbreiding van buitelandse bemarking in die sestigs en die gevolge van Brittanje se toetrede tot die Europese Gemeenskapsmark; en uiteindelik die herrangskikking van die drankhandel met die totstandkoming van Kaapwyn in 1979 en die konsentrasie van bierbelange in die hande van Suid-Afrikaanse Brouerye. Die fokus bly egter steeds op die KWV as instelling en sy rol ten opsigte van

produksie, kwaliteit en bemarking van gefortifiseerde sowel as ligte wyn. Ook die KWV se belangrike rol in die bevordering van 'n gesonde wynkultuur en steun aan wetenskaplike navorsing en opleiding kry aandag. Aangeleenthede waaroor die gewone wynverbruiker net terloopse kennis het, soos die bekombaarheid van KWV-wyne, die kwotastelsel en die afskaffing daarvan, die koue-gistingsmetode vir witwyne om die probleem van die warm Suid-Afrikaanse klimaat te oorkom, die verskuiwing van die drinkpatroon ten gunste van ligte wyne na 1960, die Wyn van Oorsprong-stelsel en die landgoedwynkultuur - dit word deur die loop van die studie verduidelik en bied dus interessante momente vir die leek.

Dis egter waarskynlik inherent aan ekonomiese geskiedskrywing dat dit ook materiaal moet hanteer wat minder verteerbaar is. In 'n sekere sin word die KWV se rol bepaal deur die oënskynlike oneindige opeenvolging van konjunkture in wynproduksie, -verbruik en -oorskotte, wat op sigself nie interessante leesstof is nie. Van Zyl verklaar egter ook hierdie konjunkture en vestig daarmee die aandag op die fyn verweefdheid van menslike en natuurlike faktore wat op internasionale en plaaslike vlakke meewerk om die wel en wee van die sentrale rolspeler in die Suid-Arikaanse wynbedryf te beïnvloed. Die omvang van hierdie bedryf word onder meer weerspieël in die feit dat wynproduksie in die driekwarteeu wat hier behandel word toegeneem het vanaf nagenoef 533 00 hektoliter in 1918 tot byna 10 miljoen hektoliter in 1991. Om 'n regulerende funksie in so 'n omgewing suksesvol te vervul het die KWV oor die jare oor dienste van merkwaardige leiers en kundiges soos die legendariese Charles W.H. Kohler (Voorsitter van die direksie 1918-1951) en A.I. Perold (Hoofwynkundige 1927-1941) beskik. In sy geheel was die KWV gelukkig om deur sy hele bestaan baie bekwame mense in sy direksie en hoofbestuur te hê.

Dit ontbreek nie aan lof vir die KWV in die studie nie. Die skrywer het klaarblyklik tot die gevolgtrekking gekom dat die Vereniging op die terrein van die beheer en stabilisering van die wynbedryf, kwaliteitsbevordering, bemarking, gesonde finansiële bestuur en die hantering van wynboere se belange 'n rekord het om op trots te wees. Terselfdertyd weerhou hy hom egter nie van kritiek waar die KWV oordeelsfoute begaan het nie. Dit is egter deurgaans duidelik dat Van Zyl ervare in die ekonomiese geskiedskrywing is. Hy toon 'n deeglike begrip van ekonomiese prosesse en terminologie en is vertroud met die aard en werkinge van die wynbedryf self. Hy lewer met hierdie studie 'n verdere gehaltebydrae (naas vorige werke oor die Kaapse wyn- en brandewyngeskiedenis en die geskiedenis van die sagtevrugtebedryf) in 'n veld waarin hy hom as spesialis (een van slegs enkeles) bewys het. Volmaaktheid is natuurlik 'n onbereikbare ideaal. Die vollediger weergawe is byvoorbeeld nie vry van 'n klompie tik- en skryffoute nie. 'n Mens sou graag die opmerking wou maak dat ekonomiese geskiedenis - ook die geskiedenis van 'n organisasie - in die laaste instansie ook oor die geskiedenis van mense se bedrywighede en hulle wel en weë handel. Daar is altyd die behoefte om 'n nouer koppeling tussen die organisasie, koue syfers en die personeel en lede te sien.

Elke nuwe studie open 'n venster op nuwe temas en in dié sin laat elke studie bepaalde vrae onbeantwoord. Die feit dat wynhandelaars met 'n minder positiewe beeld uit hierdie werk na vore tree, vestig die aandag op die behoefte aan 'n studie oor die wynhandel as sodanig.

E.L.P. STALS
Universiteit van Stellenbosch